# UITNODIGING VIR AANSOEKE OM HULPTOELAAGBEFONDSING 2025/2026 EN 2026/2027: **TAK KUNS- EN KULTUURONTWIKKELING**

Die Stad Kaapstad se tak kuns- en kultuurontwikkeling wag aansoeke in vir befondsing vir die 2025/26 en 2026/27-boekjare van organisasies wat kuns-, kultuur- en erfenisprojekte en -programme binne die munisipale grense implementeer.

'n Bedrag van R3 810 046 is per boekjaar beskikbaar. R3 310 046 sal toegewys word aan projekte wat befondsing van R250 000 of meer per jaar benodig. R500 000 sal toegewys word aan projekte wat befondsing van minder as R250 000 per jaar benodig.

**Let wel:**
- Befondsing is vir twee boekjare beskikbaar.
- Indien jy vir beide jare aansoek doen, moet jy 'n aparte aansoek vir elke jaar invul.
- Befondsing word vir een jaar op 'n slag toegewys. Die ontvangs van befondsing vir een jaar waarborg nie befondsing vir die volgende jaar nie.
- Alle aansoeke sal volgens die beleid op hulptoelae beoordeel word en moet aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, voldoen.
- Aansoekers moet die vermoë hê om die doelwitte te behaal wat in hierdie uitnodiging gemeld word.
- Geen laat of onvolledige aansoeke sal aanvaar word nie.

**Verlangde uitkomste vir 2025/26 en 2026/27**

**Voorstelle moet fokus op volhoubare kulturele projekte gemik op jongmense (7–35 jaar oud) of weerlose groepe (vroue, kinders, seniors, en persone met gestremdhede) wat:**

- Waardering vir die kunste, kreatiwiteit, erfenis en diversiteit bevorder
- Positiewe aktiwiteite en oordraagbare vaardighede bied
- Begunstigdes aan kulturele en kreatiewe loopbaanrigtings blootstel
- Ontluikende en vroeëloopbaan-kunstenaars, -ontwerpers en -praktisyns ondersteun

**Projekte kan programme, produksies, optredes, openbare bekendstellings en uitstallings insluit.**

**Projekte moet in een of meer van die volgende kategorieë val:**
- Tydelike openbare kuns
- Visuele en uitvoerende kunste
- Erfenisbewusmaking en storievertelling
- Terapeutiese kunsintervensies
- Musiek

**Projekte moet toeganklikheid prioritiseer en, waar moontlik, gratis of goedkoop wees.**

**Aansoekvereistes**
Aansoek moet op die amptelike vorms A1, A2 en A8 ingevul word (beskikbaar by subraadskantore, die tak kuns- en kultuurontwikkeling, of aanlyn by www.capetown.gov.za/grants-in-aid). Voorstelle moet strook met die Stad se strategiese mikpunte, moet 'n duidelike begroting insluit en moet aan die Stad se beleid oor hulptoelae voldoen.

**Aansoekers moet**
- Op die Sentrale Verskaffersdatabasis geregistreer wees: https://secure.csd.gov.za/Account/Register
- Op die Stad se SCM-databasis geregistreer wees: https://www.capetown.gov.za/City-Connect/Register/
- Business-and-trade/Register-as-a-supplier
- 'n Geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk wees (NPO, NGO, artikel 21-maatskappy, trust, ens.)
- Alle vereiste dokumente wat in die aansoekvorm gelys word, indien.

**Alle aansoeke moet vergesel wees van:**
- Vorm A1, behoorlik onderteken en met voorletters op elke bladsy
- Vorm A2 (sake- en projekplan), behoorlik onderteken en met voorletters op elke bladsy
- Vorm A8 (omvattende sake- en projekplan), behoorlik onderteken en met voorletters op elke bladsy
- Geouditeerde finansiële state, afgeteken deur 'n geregistreerde ouditeur (vir versoeke bo R100 000) of 'n onafhanklik hersiene finansiële staat (vir befondsing tussen R50 001 en R100 000) of die inkomste-en-uitgawestaat vir die vorige boekjaar soos ter tafel gelê by die algemene jaarvergadering (AGM), onderteken deur die voorsitter of 'n ander gemagtigde lid van die organisasie, tesame met 'n afskrif van die notule van die betrokke AGM (vir befondsingsversoeke onder R50 000)
- Notule van die algemene jaarvergadering (nie ouer as 18 maande nie) wat die besluit om vir befondsing aansoek te doen, bevat. Indien nie, moet die notule van die vergadering waar hierdie besluit geneem is of 'n brief onderteken deur alle direksielede wat hul instemming bevestig, ingedien word.
- Registrasiesertifikaat bv. NPO-sertifikaat
- Organisasie se ondertekende grondwet of akte van oprigting
- Munsipale rekening (opbetaald) of 'n huurooreenkoms in die organisasie se naam, of 'n beëdigde verklaring wat geen munisipale rekening bevestig / dat die organisasie 'n perseel huur
- Geldige belastingnakomingstatussertifikaat
- Nulkoers-BTW-faktuur vir die bedrag waarvoor aansoek gedoen word (indien vir BTW geregistreer) of 'n gewone faktuur (indien nie vir BTW geregistreer nie)
- Gewaarmerkte afskrifte van ID-dokumente van komiteelede en/of verantwoordelike amptenare
- Bewys van bankrekening
- Bewys van registrasie op die kommissie oor maatskappye en intellektuele eiendom (CIPC) se databasis.

Die Stad sal nie voorstelle in geheel befonds nie. Projekte moet binne twee maande na ontvangs van fondse begin en binne ses maande na betaling eindig.

Aansoeke, tesame met alle stawende dokumentasie, moet by die tak kuns- en kultuurontwikkeling, 13de verdieping, Kaapstad-burgersentrum, Kaapstad ingedien word of per e-pos gestuur word na artsandculture.gia@capetown.gov.za. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 3 Desember 2025 om 17:00.

**Kontak artsandculture.gia@capetown.gov.za, nareze.andreas@capetown.gov.za of rhyno.jansen@capetown.gov.za vir meer inligting.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA197/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.